

**Vrydag 22 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 6:10-14**

**Fokusgedeelte: Nehemia 6:10-14**

## Speur die wil van God na

Semaja, seun van Deljaja, is besig om vir Nehemia 'n strik te stel. Hy wil die man wat in diens van God staan, tot 'n val bring sodat die werk wat God besig is om deur hom te doen, ook ongedaan sal bly.

Semaja was bes moontlik soos sy pa, volgens 1 Kronieke 24:28, 'n priester – maar hy was deur Tobija en Sanballat omgekoop. Onder die voorwendsel om Nehemia tot hulp te wees, probeer hy dat Nehemia die wet van God oortree. Semaja het as priester toegang tot die tempel, maar dit is verbode vir Nehemia. Vir Nehemia om die tempel te betree, sou nie sy lewe van sy vyande gered het nie, maar hom onder die oordeel van God geplaas het, naamlik dat hy doodgemaak moes word.

Nehemia ken egter die wet van God en weier om, selfs onder die aansporing van 'n priester, God se wet te oortree. Nehemia het die geestelike volwassenheid om die woorde van die priester teen die woord van God te meet, en hieruit besef hy dat die priester lieg.

Soms kom die duiwel na ons toe as 'n engel van die lig, iemand wat voorhou dat hy as ambassadeur van God optree. Maar die maatstaf vir die waarheid is nie 'n persoon of sy waardigheid nie, wel die wet van God. God wil van ons hê om sy wil op sy manier uit te voer; dit beteken dat ons die koers wat vir ons voorgehou word, teen sy wet moet meet. Indien ons dit nie doen nie, kan ons in die strik van die duiwel trap en kan die goeie werk wat ons in diens van God doen, en daarmee God se Naam, in gedrang kom.

Wy jou daaraan toe om die wil van God na te speur deur getroue Skrifstudie en bid dat die Gees jou geestesoë sal verlig sodat jy sal kan onderskei waarop dinge werklik neer-kom.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 4*

*Ds. Nikolaas Pienaar (Pretoria-Wes)*